**VRAAG** **100 punte**

Dlamini, Naidoo & Anderson Geïnk. ('DNA') is 'n ouditfirma wat in Durban gebaseer is en op die verskaffing van gerusstellingsdienste aan mediumgrootte privaatmaatskappye en klein genoteerde maatskappye in KwaZulu-Natal fokus. DNA verskaf ook belastingadviesdienste aan sowel oudit- as nie-ouditkliënte. Me Faith Dlamini, mnr Virat Naidoo en mnr George Anderson, wat almal GRs(SA) en geregistreerde ouditeure (GOe) is, is die direkteure en aandeelhouers van DNA. Virat en George fokus op die uitvoering van oudits en Faith bestuur die firma se belastingadviesafdeling.

Die afgelope paar jaar was baie uitdagend vir DNA. Die ouditprofessie se reputasie is geknou deur die rekeningkundige skandale by 'n aantal genoteerde maatskappye. DNA se ouditkliënte bevraagteken toenemend die gehaltebeheerstelsels wat by die firma in plek is, asook die firma se onafhanklikheid. Daarbenewens is kliënte weens die heersende ekonomiese toestande oor die algemeen traag om toe te stem tot verhogings in ouditgelde.

DNA genereer inkomste deur professionele dienste aan kliënte te lewer, wat teen 'n uurlikse tarief vir die tyd wat sy personeel aan die verskillende aanstellings bestee, gefaktureer word. Die tarief wissel per werknemerkategorie.

Die verantwoordelikhede van die verskillende werknemerkategorieë in die ouditafdeling kan soos volg opgesom word:

- Die direkteure neem finale verantwoordelikheid vir ouditaanstellings van kliënte en teken die ouditverslae.
- Bestuurders neem verantwoordelikheid vir die beplanning van ouditaanstellings en vir die nasien van ouditwerkspapiere.
- Leerlingrekenmeesters ('klerke') kan in die derde jaar van hul opleidingskontrakte vir aanstellings as seniors in aanmerking kom. Seniors is verantwoordelik vir die bestuur van die dag-tot-dag-aktiwiteite van die ouditspanne en om leiding aan junior personeel te verskaf.

Die verantwoordelikhede van die verskillende werknemerkategorieë in die belastingafdeling is soortgelyk aan dié van die ouditafdeling behalwe dat hulle nie ouditmenings uitreik nie, maar eerder advies en skriftelike opinies oor belastingaangeleenthede aan kliënte verskaf.

DNA se ouditandleiding, wat as deel van die firma se gehaltebeheerstelsel ontwikkel is, bevat die onderstaande 'algemene ouditprosedures' wat deur 'n ouditspan uitgevoer moet word vir alle wesenlike klasse van transaksies en rekeningsaldo's in 'n kliënt se finansiële jaarstate:

1 Verkry skedules vanaf die kliënt wat die klasse van transaksies en rekeningsaldo's ondersteun.
2 Voer die optellings en kruisoptellings op hierdie skedules weer uit.
3 Stem die eindsaldo van hierdie skedules ooreen met die bedrae in die algemene grootboek, proefbalans en finansiële jaarstate.
4 Indien van toepassing, stem die beginsaldo van hierdie skedules ooreen met die vorige jaar se werkspapiere/geouditeerde finansiële state.
5 Inspekteer die skedules en algemene grootboekrekeninge vir enige ongewone inskrywings (bv. negatiewe, nul-, groot en ronde getalle, en teruggedateerde joernale) en volg met bestuur op.
6 Voer oorhoofse analitiese oorsigprosedures uit (bv. vergelyking van huidige jaar met vorige jaar, begroting, soortgelyke industrieë, ens.) en volg verskille op deur navraag by bestuur te doen en ondersteunende dokumentasie te inspekteer.


© SAIGR 2020

7 Inspekteer die finansiële state vir gepaste finansiële openbaarmakings met betrekking tot die International Financial Reporting Standards of die toepaslike rekeningkundige raamwerk.
8 Verkry 'n getekende bestuursverklaringsbrief met betrekking tot alle stellings met betrekking tot die klasse van transaksies en rekeningsaldo's wat geoudit word.
9 Oorweeg die doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls met betrekking tot die klasse van transaksies of rekeningsaldo's en die uitwerking daarvan op die aard, omvang en tydsberekening van stawingsprosedures.

## 1 Konsepbegroting vir FJ2020

DNA se finansiële bestuurder het die onderstaande konsepbegroting voorberei vir die jaar eindigend op 31 Desember 2020 (FJ2020) (die bedrae is korrek opgetel):

| Verkorte begroting vir die jaar eindigend op 31 Desember 2020 | Oudit-afdeling | Belasting-afdeling | Totaal vir die firma |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| **Begrote inkomste – fakturerings** | 43 186 250 | 15 740 000 | 58 926 250 |
| Direkteure | 5 592 000 | 4 800 000 | 10 392 000 |
| Bestuurders | 6 116 250 | 5 960 000 | 12 076 250 |
| Seniors | 9 134 000 | 1 900 000 | 11 034 000 |
| Ander derdejaarklerke | 3 019 500 | – | 3 019 500 |
| Tweedejaarklerke | 9 787 500 | 1 190 000 | 10 977 500 |
| Eerstejaarklerke | 9 537 000 | 1 890 000 | 11 427 000 |
| | | | |
| **Professionele werknemerskoste** | (21 490 000) | (7 350 000) | (28 840 000) |
| Direkteure | (5 000 000) | (2 750 000) | (7 750 000) |
| Bestuurders | (3 600 000) | (3 000 000) | (6 600 000) |
| Seniors | (3 850 000) | (600 000) | (4 450 000) |
| Ander derdejaarklerke | (1 440 000) | – | (1 440 000) |
| Tweedejaarklerke | (4 000 000) | (400 000) | (4 400 000) |
| Eerstejaarklerke | (3 600 000) | (600 000) | (4 200 000) |
| | | | |
| **Ander bedryfskoste** | (22 284 091) | (4 215 909) | (26 500 000) |
| | | | |
| **VVRBWA (Eng.: 'EBITDA')** | (587 841) | 4 174 091 | 3 586 250 |
| | | | |

Die begroting is opgestel gebaseer op die onderstaande aannames:

### 1.1 Werknemergetalle

| Werknemerkategorie | Oudit-afdeling | Belasting-afdeling |
|---|---|---|
| Direkteure | 2 | 1 |
| Bestuurders | 3 | 2 |
| Seniors | 7 | 1 |
| Ander derdejaarklerke | 3 | 0 |
| Tweedejaarklerke | 10 | 1 |
| Eerstejaarklerke | 12 | 2 |

### 1.2 Beskikbare ure per werknemer

Die begrote getal beskikbare ure per werknemer per jaar beloop 1 864 ure (233 dae x 8 ure). Daar is vir geen oortyd vir FJ2020 begroot nie aangesien kliënte traag is om die hoër uurlikse uitboektariewe wat met oortyd gepaard gaan, te betaal.

| Per werknemer vir albei afdelings | Dae in FJ2020 |
|---|---|
| Totale getal werksdae | 260 |
| Openbare vakansiedae | (12) |
| Verlofdae | (15) |
| Dae beskikbaar om te werk | 233 |

### 1.3 Benutting per werknemerkategorie

Die benutting per werknemerkategorie word bereken as beraamde ure (ure gewerk aan kliëntverwante aangeleenthede) gedeel deur totale aantal beskikbare ure per werknemer.

Werknemers kan nie 100% van hul beskikbare tyd aan kliëntverwante aangeleenthede bestee nie aangesien hulle ook tyd moet bestee aan voortgesette professionele ontwikkeling (VPO). Hulle is ook in enige finansiële jaar geregtig op studie-, siek- en gesins-verantwoordelikheidsverlof, indien van toepassing.

Direkteure bestee ook tyd aan die bestuur van hul afdelings en ontwikkeling van verhoudings met potensiële en bestaande kliënte, wat tot laer benutting aanleiding gee.

| Benutting per werknemerkategorie | Oudit-afdeling | Belasting-afdeling |
|---|---|---|
| | % | % |
| Direkteure | 50,0 | 64,4 |
| Bestuurders | 62,5 | 79,9 |
| Seniors | 70,0 | 81,5 |
| Ander derdejaarklerke | 60,0 | – |
| Tweedejaarklerke | 70,0 | 75,1 |
| Eerstejaarklerke | 71,1 | 72,4 |

### 1.4 Uitboektariewe

| Tarief per uur per werknemerkategorie | Oudit-afdeling | Belasting-afdeling |
|---|---|---|
| | R | R |
| Direkteure | 3 000 | 4 000 |
| Bestuurders | 1 750 | 2 000 |
| Seniors | 1 000 | 1 250 |
| Ander derdejaarklerke | 900 | 1 000 |
| Tweedejaarklerke | 750 | 850 |
| Eerstejaarklerke | 600 | 700 |

Die belastingafdeling se uurlikse uitboektariewe is hoër as dié van die ouditafdeling weens die beskouing dat hulle meer waarde toevoeg en op grond van die kompleksiteit van die adviesdienste wat gelewer word. Die uurlikse uitboektariewe van werknemers van die oudit- en belastingafdelings is begroot om met gemiddeld met 3% in FJ2020 in vergelyking met FJ2019 toe te neem.


© SAIGR 2020

### 1.5 Professionele werknemerkoste

Die gemiddelde jaarlikse salarisverhogings in die ouditafdeling in FJ2020 is op 5% en op 7% vir die belastingafdeling begroot.

DNA gebruik *PayBuddy* as sy betaallysstelsel (Eng.: "payroll system"). *PayBuddy* teken die onderstaande inligting per werknemer vir elke maand op:

- Basiese salaris;
- Bonus, indien van toepassing;
- Voordele, wat ŉ selfoontoelaag van R350 per werknemer en ŉ reistoelaag insluit;
- Bedrag vir inkomstebelasting afgetrek;
- Bedrag vir bydraes tot die Werkloosheidsversekeringfonds afgetrek;
- Mediese fondsbydraes;
- Voorsorgfondsbydraes; en
- Netto vergoeding (bedrag in die werknemer se bankrekening inbetaal).

Enige veranderinge aan enige van die insette op die maandelikse betaalstrokie (soos ŉ verhoging in basiese salaris) moet deur een van die firma se direkteure goedgekeur word.

ŉ Jaarlikse prestasiebonus word betaal aan werknemers wat hul begrote benuttingskoers met meer as 10% oortref het, en waar geen negatiewe gehalteverwante kwessies geïdentifiseer is nie. Die bonus word bereken as 15% van die werknemer se jaarlikse basiese salaris. Hierdie betaling word bereken twee maande na DNA se finansiële jaareinde en word deur die menslike hulpbronnedepartement aan die direkteure vir goedkeuring voorgelê. Sodra dit goedgekeur is, word elke werknemer se bonus aan die einde van die eerste kwartaal na die finansiële jaareinde uitbetaal. In enige finansiële jaar word ŉ wesenlike bedrag prestasiebonusse betaal.

### 1.6 Ander bedryfskoste

Ander bedryfskoste sluit in huurkoste van die eiendom, koste van finansies- en ondersteuningspersoneel, inligtingstegnologiekoste, bemarkings- en advertensiekoste, uitgawes vir vermaak, en opleidings- en VPO-koste. Hierdie koste word aan die oudit- en belastingafdelings toegedeel gebaseer op die aantal werknemers in elke afdeling.

## 2 Aanvanklike kommentaar op die FJ2020-begroting deur die ouditdirekteure

Virat en George het byeengekom om die konsepbegroting vir FJ2020 te bespreek en was baie besorg dat die FJ2020-begroting ŉ bedryfsverlies vir die ouditafdeling in die vooruitsig stel. Indien die begroting akkuraat sou wees, sal dit die eerste keer in DNA se geskiedenis wees wat die ouditafdeling ŉ verlies ly.

Hulle het die onderstaande optrede voorgestel om die afdeling in FJ2020 tot winsgewendheid te herstel:

- Een bestuurder en een ouditsenior moet afgelê word;
- Die inname van eerstejaarklerke vir FJ2020 moet van 12 na 10 klerke verminder word;
- Ouditpersoneel wat onderpresteer, moet aangemoedig word om DNA se diens te verlaat;
- Die begrote ander bedryfskoste van R26,5 miljoen moet met 10% verminder word;
- Die besteding aan bemarking en vermaak moet verminder word; en
- Daar moet geen besteding aan opleiding en VPO wees nie.

Die ouditdirekteure het verder beswaar gemaak teen die toedeling van ander bedryfskoste gebaseer op die aantal werknemers in die oudit- en belastingafdelings. Hulle is van mening dat die belastingafdeling die meeste van sy inkomste uit die lewering van belastingadviesdienste aan DNA se ouditkliënte verkry. Die toedeling van ander bedryfskoste moet gevolglik op die relatiewe inkomste (Eng.: 'revenue') van die oudit- en belastingafdelings gebaseer word.

## 3 Potensiële nuwe ouditkliënt: Pharmasave (Edms) Bpk ('Pharmasave')

George was die afgelope drie maande betrokke by samesprekings met die direkteure en aandeelhouers van Pharmasave in verband met die potensiële aanstelling van DNA as die onafhanklike ouditeur van die maatskappy, om die bestaande ouditeur te vervang. Pharmasave is 'n kleinhandelaar van gesondheids- en farmaseutiese produkte wat landswyd in 75 winkels handel dryf. Die maatskappy is in die bedryf bekend vir strawwe onderhandelings met verskaffers en die verontagsaming van gesondheidsorgregulasies. Pharmasave het die afgelope vyf jaar al drie maal van ouditeur verander.

George se skoonsuster, me Pam Nel, is die bemarkingsdirekteur van Pharmasave. George glo dat dit nie 'n bedreiging vir DNA se onafhanklikheid sal inhou nie, aangesien Virat as die ouditdirekteur wat die ouditverslag van Pharmasave afteken, aangestel kan word. George het verder onderneem om geen kontak met die ander direkteure van Pharmasave te hê indien DNA as ouditeur aangestel word nie.

Die huidige ouditeur se voorgestelde totale ouditfooi van R10 miljoen vir die volgende finansiële jaar is gebaseer op 'n verwagte 9 300 ure vir die oudit van Pharmasave. George het aan die direkteure en aandeelhouers van Pharmasave te kenne gegee dat DNA die oudit sal kan uitvoer teen 10% minder as die huidige ouditeur se voorgestelde totale ouditfooi.

## 4 Potensiële litigasie: Zinkwazi Sugar Corporation (Edms) Bpk ('Zinkwazi')

DNA was vanaf 2000 tot 2019 Zinkwazi se onafhanklike ouditeur. Zinkwazi was 'n besigheid in privaatbesit wat suikerriet gekweek het en in noordelike KwaZulu-Natal gebaseer was. Die maatskappy is in September 2019 gelikwideer nadat sy bankfasiliteite deur 'n groot Suid-Afrikaanse bank teruggetrek is.

Zinkwazi het die afgelope paar jaar finansieel gesukkel weens droogtes en 'n laer vraag na suiker. Die maatskappy het hom tot kreatiewe rekeningkundige praktyke gewend om wins in 2017 en 2018 kunsmatig te verhoog. Zinkwazi se hoof finansiële beampte (HFB) het die maatskappy se suikerriet op elk van die 2017 en 2018 finansiële jaareindes tot vlakke bo die billike waarde daarvan herwaardeer. Die gevolglike veranderinge in die billike waardes het 'n beduidende persentasie tot die gerapporteerde wins bygedra. Die DNA-span het die gevolglike billike waardes met bestuur se waardasies ooreengestem en tot die gevolgtrekking gekom dat geen verdere prosedures nodig was nie aangesien die span 'n spesifieke bestuursverklaring in verband met hierdie aangeleentheid ontvang het.

Zinkwazi se likwidateurs het DNA ingelig dat hulle van voorneme is om die firma vir die skade te dagvaar aangesien DNA versuim het om sy pligte as ouditeur met die vlak van vaardigheid wat van GOe verwag word, uit te voer. Die likwidateurs voer aan dat die kreatiewe rekeningkundige praktyke wat Zinkwazi toegepas het, bedrieglik was en dat DNA dit tydens sy oudit van die maatskappy moes opgespoor het.

George was die GO verantwoordelik vir die afteken van Zinkwazi se finansiële jaarstate. George is nie bekommerd oor die potensiële litigasie nie aangesien dit na sy mening baie moeilik sou wees om enige nalatigheid deur DNA in 'n geregshof te bewys.


© SAIGR 2020

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 2**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

<table>
<tr><th colspan="2" rowspan="2">DEEL I – VERLANG</th><th colspan="2">Punte</th></tr>
<tr><th>Sub-totaal</th><th>Totaal</th></tr>
<tr><td>(a)</td><td>Stel 'n memorandum aan die finansiële bestuurder van DNA op waarin jy –<br>• op kritiese wyse, en met ondersteunende berekeninge waar toepaslik, die konsepbegroting en verwante inligting bespreek; en<br>• enige vrae insluit wat jy moontlik aan die finansiële bestuurder sou wou stel.<br><br>Punte vir berekeninge beperk tot 8 punte<br>Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur; logiese beredenering</td><td>30<br><br>2</td><td>32</td></tr>
<tr><td>(b)</td><td>Lewer kommentaar op die metode waarop ander bedryfskoste aan die oudit- en belastingafdelings toegedeel word, en beveel, waar toepaslik, alternatiewe aan.</td><td>10</td><td>10</td></tr>
<tr><td>(c)</td><td>Evalueer krities die optrede wat Virat en George voorgestel het om die ouditafdeling tot winsgewendheid te herstel.</td><td>10</td><td>10</td></tr>
<tr><td>(d)</td><td>Beskryf die besigheidsrisiko's wat DNA in die gesig staar, gebaseer op die inligting in die scenario.<br><br>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</td><td>10<br><br>1</td><td>11</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal vir deel I</td><td></td><td>63</td></tr>
</table>


© SAIGR 2020

SAIGR

DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS

ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 2**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (e) | Bespreek enige etiese bekommernisse wat jy moontlik mag hê met betrekking tot Pharmasave, die potensiële nuwe kliënt, met verwysing na die SAIGR se Professionele Gedragskode. | 13 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 14 |
| (f) | Beskryf die stawende ouditprosedures om DNA se betaallysuitgawes te oudit, met die veronderstelling dat jy DNA se eksterne ouditeur is.<br>• Sluit al die 'algemene ouditprosedures' wat in DNA se oudithandleiding gelys word, uit;<br>• Sluit prosedures oor aanbieding en openbaarmaking uit; en<br>• Aanvaar dat jy ouditsagteware vir RGOT- (Eng.: 'CAAT') prosedures tot jou beskiking het. | 16 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 17 |
| (g) | Bespreek, met verwysing na die oudit van Zinkwazi, of dit waarskynlik is dat die ouditwerk wat op die billikewaarde-wins uitgevoer is, enige ongunstige gevolge vir DNA en sy direkteure sal inhou. | 6 | 6 |
| **Totaal vir deel II** | | | **37** |
| **Totaal vir die vraag** | | | **100** |


© SAIGR 2020